

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 41: Pinchas (פינחס) Pinehas

יהרה het met Moshe gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra’el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10 en 11 – PWL¹

Torah : Num. 25:10 tot 30:1

- ❖ **Num. 25:10 tot 15** – Passief of Aktief?
- ❖ **Num. 25:11** – Die Jaloersheid van Pinehas
- ❖ **Num. 25 16 tot 18** – Behandel die Midianiete as vyand.
- ❖ **Num. 27:1 tot 11** – Die Dogters van Selófhad.
- ❖ **Num. 27:12 tot 23** – Josua as Moses se Opvolger
- ❖ **Num. 28:1 tot 29:40** – YHVH se Afspraakkalender

Haftorah: 1 Kon. 18:46 tot 19:21 – Yeshua ons Toevlug.

Hernieuwe Verbond: 2 Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12 tot 22; Matth. 5:5 en Open. 5:10; Gal. 3:28; 1 Tim. 3:2 tot 7; 5:22; Rom. 12:1

You may say, 'God doesn't hate anybody. God is love.' No my friend. You need to understand something. Yeshua Messiah taught, the prophets taught, the apostles taught this: that apart from the grace of God revealed in Yeshua Messiah our Lord the only thing left for you is the wrath, the fierce anger of God because of your rebellion and your sin. – Paul Washer

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer.

Num. 25:10 tot 15 – Passief of Aktief?

יהיה het met Moshe gepraat en gesê: Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra'el af weggedraai, deurdát hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10 en 11 – PWL.

Die enigste mens wat nooit 'n fout begaan nie is diegene wat niks doen of niks sê nie! Ware studentevolginge van Yeshua kan egter **nie** niks doen of sê nie, naamlik passief wees nie. Nee, as ware dissipels van ons Meester is ons nooit passief teenoor situasies wat oor ons pad kom nie, veral nie wanneer ons met sonde, naamlik met die oortreding van Torah, gekonfronteer word nie. Dan word daar van ons vereis om op te tree! Dit beteken dat ons die gevaar loop om soms deur ons optrede foute te begaan!! Maar, laat ons hierdie wyse woorde van Rabbi Yitzchak Reuven onthou:

To be passive in the face of challenges, whether great or small, is to abdicate our role in YHVH's creation, to remove from our heads the crown that He placed upon us: the crown of responsibility.

As wedergebore kinders van YHVH het ons die verantwoordelikheid om nie net pro-aktief aan Sy Koninkryk te help bou nie, maar wanneer, en waar nodig, dit ook pro-aktief te help verdedig. Dit behels ondermeer om aktief betrokke te wees by die onderskeid tussen rein en onrein en tussen heilig (afgesonder) en onheilig, asook om Torah-ongehoorsaamheid aan die lig te bring en dit te beveg. Om in sulke situasies pasief te wees, is om te abdikeer as koninklike priesterdom van YHVH. Dit is om ons roeping en plig te versuim!

Pinehas was bereid om sy eie lewe op die spel te plaas ter verdediging van YHVH se geregtigheid. MAAR, let wel: Hy het dit nie in sy eie belang gedoen nie!! Nee, hy het opgetree met die jaloesie (ywer) van YHVH!

Die vraag is altyd tot watter mate, en op welke wyse, moet ons aktief betrokke wees in situasies waar YHVH se Torah oortree en geminag word? Miskien is die antwoord te vinde in die volgende wysheid:

Only those who will risk going too far can possibly find out how far one can go – T. S. Eliot

Is dit nie die gesindheid waarmee Pinehas opgetree het nie? Het hy nie 'n groot risiko geneem deur die 'wet in eie hande te neem nie'. Hy het nie Moses of die leierskap gevra nie, maar die uittartende Torah-loosheid van Simri, die seun van Salu, 'n owerste van die familie van die Simeoniete, het Pinehas as te ware tot hierdie geweldadige optrede gedwing. Pinehas het deur een enkele optrede die plaag onder Israel gestop (Num. 25:7 en 8)!!

Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop (PWL).

In die lig van bogenoemde is dit te verstane hoekom die Rabbynse wysgere van ouds sê: *Pinehas het die siel (wil, denke en emosie) van Elia* en Pinehas is Elia. Dit beteken dat Pinehas het net, soos Elia, ook met die ywer (jaloesie) van YHVH onder Israel geywer (jaloers gewees)! Dan lees ons aangaande Elia in Maleg. 3:23 en 24 (Mal. 4:5 en 6 in sommige vertalings)

Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה . Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die kinders en die verstand, wil en emosie van die kinders tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie. (PWL).

So het Johannes die Doper ook gekom in die gees van Elia en dus ook met die jaloesie (ywer) van YHVH onder sy volksgenote jaloers gewees (geywer).

Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld. Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elia wat sou kom. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. Matt. 11:12 tot 15

‘n Pasiewe lewe waar ons altyd net reaktief optree, naamlik verdedigend en waar ons voortdurende skadeherstel moet toepas, is ‘n lewe van slawerny! Ons moet ingesteld wees op pro-aktiewe optrede, naamlik voorkomend en as ‘n koninklike priesterdom wat sonder huiwering bereid is om die sonde-plaag (Torahloosheid) te stop.

Pinehas is ons voorbeeld en aansporing om met die jaloesie van YHVH jaloers te wees tussen ons geliefdes en in ons gemeenskap!

Pinehas is ook ‘n sinnebeeld van Yeshua Messias. Pinehas het te midde van die uiterste vorm van Torah-ongehoorsaamheid verskyn op ‘n tydstip toe ‘n plaag (YHVH se oordeel) onder die Israeliete gewoed het, om ‘n onmiddellike einde daaraan te maak. Hy het as te ware uit die niet verskyn! Net so sal Yeshua Messias met Sy wederkoms ook skielik verskyn om die ondraaglikheid van die wêreld se Torahloosheid te beëindig. Dit sal ook geskied op ‘n tydstip waar YHVH se oordeel oor die wêreld reeds losgebars het.

Bepeins of Bespreek

1. *Losing my life does not scare me! However, wasting my life does scare me!* (Author Unknown). Is ‘n passiewe koninklike priester nie ‘n vermorsing van tyd en van geleentede nie? Talle Moslems is bereid om te sterf vir wat hulle glo, terwyl die meerderheid Christene nie bereid is om te lewe vir wat hulle glo nie! Moslems is bereid om vir die leuen te sterf en Christene is te bang om proaktief vir die waarheid te leef, en nog minder daarvoor te sterf! *Are there not millions of us who would rather go sleeping to hell; than sweating to heaven?* – Thomas Watson.
2. *There are three types of people: Those who make things happen, those who watch things happen ... and those who ask, "What happened?"* Pinehas het dinge maak gebeur! Deel van watter groep is jy? Wat het jy onlangs gedoen waar jy met die jaloesie (ywer) van YHVH met jaloersheid opgetree het? Was daar dinge (vrees, eie belange, swak selfbeeld, ens.) wat jou weerhou het om soos ‘n Pinehas op te tree? *If we are to better the future we must disturb the present* – Catherine Booth.

3. *If Yeshua ever commanded us to do something that He was unable to equip us to accomplish, He would be a liar. And if we make our own inability a stumbling block or an excuse not to be obedient, it means that we are telling God that there is something which He has not yet taken into account.* – Oswald Chambers

Num. 25:11 – Die Jaloersheid van Pinehas

...deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was...Num. 25:11

Pinehas (פִּינְחָס) beteken *mond van brons* (H6372; *Brown-Driver-Briggs Hebrew Definitions*). Dit herinner ons aan die betekenis van brons in die tabernakel. Die brandofferaltaar in die binnehof, met sy draaghoute, was van akasiehout gemaak wat met brons oorgetrek was. Daarom was die brandofferaltaar ook bekend as die bronsaltaar. Al die gereedskap wat by die bronsaltaar gebruik was, was ook van brons (Ex. 27:1 tot 8). Dan was daar ook in die binnehof die bronswaskom waarby die priesters hulself gewas het alvorens hulle dienswerk kon verrig (Eks. 30:17 tot 21 en Eks. 38:8).

Beide die brandofferaltaar en bronswaskom getuig van YHVH se oordeel. By die bronsaltaar (simbolies van die kruis) was sonde geoordeel en die vonnis voltrek. Hier het die onskuldige in die plek van die skuldige gesterf. Yeshua het die loon van die sonde, naamlik die dood, namens ons gedra.

By die bronswaskom kyk ons in YHVH se spieël – Sy Torah-Woord wat ons oordeel en reinig (Eseg. 36:25 tot 31; Joh. 12:48; Joh. 15:3; Joh. 17:17; Ef. 5:25 en 26) en ons leer hoe om as geregverdigde in Yeshua te lewe (2 Kor. 5:21).

Daarom is Pinehas se optrede ‘n sinnebeeld van YHVH se oordeel oor sonde. In Ps. 106:28 tot 31 lees ons die volgende:

Hulle het ook neergebuig voor die afgode van Ba'al-P'or en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is. So het hulle Hom kwaad gemaak deur hulle dade, Hom kwaad gemaak deur hulle beelde en 'n plaag het skielik onder hulle uitgebreek. Toe het Pingas opgestaan en oordeel uitgevoer en die plaag is gestop en dit is vir hom gereken as 'n oorwinning, in alle geslagte vir ewig.

YHVH sal sonde oordeel, want Hy kan nie anders nie. Daarom skryf die Psalmdigter: *Staan op, o God, oordeel die aarde! Want U het erfbesit van al die nasies* (Ps. 82:8). YHVH het Sy troon reggesit vir die oordeel (Ps. 9:8) en staan gereed om te oordeel (Ps. 50:6). *Hy self sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke vonnis met reg* (Ps. 9:9). Elkeen sal moet rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel (1 Pet. 4:5).

Die oordeel van YHVH sal by Sy huis begin (1 Pet. 4:17). Hiervan is Pinehas se optrede ‘n bevestiging. Die sonde van YHVH se uitverkore volk is veroordeel en daarna die sondes van die Midianiete (Num. 25:17 en 18).

Die goeie nuus is egter dat die bronsaltaar en bronswaskom ook getuig van YHVH se genade van vergifnis en reiniging van sonde. Geloof in die onskuldige wat in die plek van die skuldige by die bronsaltaar gesterf het, en gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies deur die wassing by die bronswaskom in die Torah-Woord, sal die ‘sondeplaag’ stop (Num. 25:8 en 11). Geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal en

gehoorsaamheid aan Torah is nie net 'n versekering van ons redding en dat ons YHVH se oordeel sal vryspring nie, maar ook die wyse wat ons YHVH se seëninge deelagtig sal wees.

Ywer (אָנֶר – *qana*) beteken *vurig, geesdriftig en ywerig*. Dit kan ook beskryf word as *aktiewe entoegasme* en as *geregverdigde verontwaardiging!* Pinehas het dus met dieselfde vuur, asook met dieselfde Gees en ywer as YHVH opgetree – Hy was deur die Gees gedryf om YHVH se verontwaardiging te demonstreer – 'n verontwaardiging wat as jaloersheid beskryf kan word. Pinehas het dieselfde jaloersie as YHVH openbaar. *Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want YHVH se Naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy* (Ex. 34:14). Pinehas het 'n goddelike jaloersheid openbaar. Paulus skryf ook die volgende: *Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel* (2 Kor. 11:2). Lees ook Ex. 20:5, Deut. 4:24; 5:9; 6:15.

Wanneer YHWH Homself as jaloers beskryf, dan is dit presies hoe Hy oor Sy volk, Israel, aan wie Hy Homself deur 'n Verbond verbind het, voel. Onthou hoe het Hy daar by Sinai vir hulle gesê toe Hy in hierdie liefdesverhouding met hulle gegaan het (Ex. 20:5; 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15). Presies soos wat 'n man jaloers is op sy vrou wat rond flankeer, so voel YHWH oor Israel!

In Esegïel hoofstuk 16 lees ons waar die huwelik tussen YHVH en Israel beskryf word, asook van die uiteindelijke ontrouheid (egbreek) van die bruid. Maar ons lees ook van die belofte van die hernieude verbond waar ons weer opnuut die bruid van Yeshua word.

Toe het Ek by jou verbygegaan en jou gesien en let op, jy het die tyd bereik vir liefde; Ek het dus My kleed oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegemaak. Ek het ook vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan dat jy Myne geword het," verklaar יהוה-God. Eseg. 16:8

Jy het egter in jou skoonheid vertrou en gehoereer as gevolg van jou beroemdheid en jy het jou hoererye uitgestort op elke verbyganger wat gewillig sou wees. Eseg. 16:15

Nogtans sal Ek My verbond met jou in die dae van jou jeug onthou en Ek sal 'n ewige verbond met jou oprig. Dan sal jy jou lewenswyse onthou en skaam wees wanneer jy jou susters ontvang, beide die ouer en die jonger en Ek sal hulle aan jou gee as dogters, maar nie as gevolg van jou verbond nie. So sal Ek My verbond met jou bevestig en jy sal weet dat Ek יהוה is sodat jy kan onthou en skaam wees en nooit weer jou mond oopmaak as gevolg van jou vernedering nie, wanneer Ek jou vergewe het vir alles wat jy gedoen het," verklaar יהוה-God. Eseg. 16:60 tot 63

Aan die kruis het Yeshua die skuldbrief van die ontroue bruid uitgewis. Deur wedergeboorte word ons nou die bruid en word ons aan Yeshua, die Bruidegom, verbind. Moedswillige oortreding van YHVH se onderrig en instruksies is daarom geestelike owerspel (hoerery). Ons moet nie dieselfde fout as Israel van ouds begaan nie, en ook nie vergeet nie dat *YHVH jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God* (Deut. 4:24).

Torah-gehoorsaamheid kan as ywer vir YHVH beskou word. Vader-God begeer met jaloersheid dat Sy kinders volgens Sy onderrig en instruksies moet lewe. Hierdie ywer vir YHVH beteken dikwels dat jy 'n vreemde vir jou familie en vriende word (Ps. 69:9 en 10).

Ek het 'n vreemdeling vir my broers geword en 'n onbekende vir die seuns van my moeder, want die ywer vir U huis het my dapper gemaak en die ontering van die wat U onteer, het op my geval (PWL).

Torah-gehoorsaamheid vereis daadwerklike (drastiese) optrede, maar dit gaan dikwels gepaard met 'n duur prys van verwerping deur geliefdes en vriende!!

Ware ywer vir YHVH en Sy huis behoort ons elkeen egter te verteer (Ps. 69:10; Ps. 119:139). Yeshua self het hier op aarde dieselfde ywer gehad (Joh. 2:13 tot 17).

Daar is egter baie wat 'n ywer vir YHVH het, maar sonder die kennis van YHVH se geregtigheid. Diegene rig dan hulle eie geregtigheid op (Rom. 10:1 tot 3), soos Simri (זמרי) wie se naam *my musiek* beteken. Simri het sy eie musiek gekomponeer en gesing – hy was nie gelykgestem en in harmonie (*in-tune*) met YHVH nie. Ons moet YHVH se geregtigheid ken en daarvolgens lewe. Om as geregverdigde te lewe is om volgens Torah, die onderrig en instruksies van Vader-God, te lewe.

Daar is tye wanneer ons moet opstaan vir die waarheid en nie wag vir die leiers om op te tree nie. 'n Apatiese (passiewe) houding is die vyand van die siel! Wie is bereid om soos Pinehas vandag op te staan vir die waarheid? Of wie is bereid om in 'n tyd waarin die hele wêreld op pad is na die vals vrede van die *New Age*, uit te roep dat daar slegs shalom (vrede) in Yeshua die Messias te vinde is? Wie van ons is bereid om ware leermeesters, profete en priesters te wees wat sal waarsku dat Torah-ongehoorsaamheid die pad van selfvernietiging en verwoesting is? Verwys Eseg. 44:23 en 24 na wat ons taak as koninklike priesterdom is.

Indien ons jaloers is met YHVH se jaloersheid sal ons ware shalom ervaar. YHVH se ywer (jaloersheid) is om Sy afgesonderdheid (heiligheid; *kodesh; tahor; set-apartnes*) en Sy geregtigheid te verdedig (te handhaaf, voor te staan).

Die loon wat Pinehas vir sy ywer ontvang het, was die verbond van ewige priesterskap (Num. 25:13). Pinehas is 'n heenwysing na Yeshua en die Torah-Woord van YHVH. Daarom is die verbond van ewige priesterskap 'n heenwysing na die ewige priesterorde van Melgisedek waarvan Yeshua die ewige Hoëpriester is. Yeshua is Koning en Priester volgens die orde van Melgisedek, en daarom is ons in Yeshua 'n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9). Dit is ons 'beloning' vir ons ywer vir YHVH! Ons taak is ondermeer ook om YHVH se grimmigheid van Sy uitverkore volk af te wend en vir die doel gebruik ons die swaard van die Torah-Woord (Efes. 6:17).

Die Hebreëus vir shalom word geskryf as שלום (*shin, lamed, vav, mem-sofit*), maar in Num. 25:12 word die *vav* egter as 'n 'gebroke' letter geskryf.



Die verduideliking hiervoor is soos volg: As gevolg van hierdie daad van Pinehas het YHVH die plaag onder Israel gestop. Pinehas se ywer het YHVH se grimmigheid afgewend en daarom is Pinehas 'n heenwysing na Yeshua Messias, want soos geskryf is:

Kyk, Ek sluit met hom my vredeverbond, en dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond van ewige priesterskap wees, omdat hy vir sy God geywer en versoening vir die kinders van Israel gedoen het. Num. 25:12 en 13

Aangesien *vav* se numeriese waarde 6 is en dit die getal van die mens is, is die gebroke *vav* ‘n sinnebeeld van Yeshua wat vir ons ‘gebreek’ is om ons te verlos van YHVH se grimmigheid weens ons talle sondes.

Bepeins of Bespreek

1. Is jy ‘n Pinehas? Ywer jy met die ywer van Vader-God (Goddelike ywer)? Is jy ‘Gees-driftig’ (*Ruach*-driftig; Gees-gedryf). Sal jy soos ‘n Pinehas die leuen (afgodery, misleiding, geestelike en morele verval) met die spies van die waarheid deurboor? Onthou: Jy gaan nie dieselfde resultaat met ‘n naald kry nie!!! ‘n Naald maak seer, maar nie dood nie!
2. Die vraag is egter: Tot watter mate mag, en moet, ons Pinehas se voorbeeld navolg? Is ons aangestel as ‘Torah-polisie’? Wat van die Skrifgedeeltes wat ons waarsku om nie te oordeel nie (Matt. 7:1 en 2; Luk. 6:27; Joh. 7:24 en 51; Rom. 2:3, ens.). Mag ons volgens die Woord van YHVH oordeel? Wat van *nie deur krag of deur geweld, maar deur My Gees, sê YHVH van die leërskaare* (Sag. 4:7)?
3. Kan ons bekostig om stil te bly wanneer ons met die leuen gekonfronteer word? Alleenlik wanneer jy opstaan vir die waarheid, kan jy aanspraak maak op daardie shalom wat alle verstand te bowe gaan.
4. Is dit sonde om nie openlik op te staan vir die waarheid nie (om stil te bly ter wille van)? Ware vrede kan nie verkry word deur enige humanistiese mensgemaakte agenda buite die wil van YHWH nie.
5. Soos ons geleer het is jaloesie nie noodwendig ‘n negatiewe emosie nie. Wanneer is dit ‘gesonde’ (aanvaarbare) jaloesie? Bespreek of bepeins dit in die lig daarvan:
 - ❖ Dat die Hebreuse siening van jaloesie die reaksie van ‘n persoon is wat uitvind dat iemand anders dit neem wat regmatig syne is.
 - ❖ Dat YHVH ‘n jaloerse God is. Vader-God is jaloers wanneer hy ‘uitvind’ dat Sy kinders ander gode dien. Sal ‘n bruidegom jaloers wees wanneer sy bruid hoereer?

Num. 25:16 tot 18 – Behandel die Midianiete as Vyand

יהרה het met Moshe gepraat en gesê: “*Val die Midyaniete aan as vyand, want hulle het julle as vyand behandel deur hulle planne wat hulle teen julle bedink het aangaande P’or en aangaande Kozbi, die dogter van die heerser van Midyan, hulle suster, wat op die dag van die plaag doodgemaak is as gevolg van P’or*” (PWL).

Midian is simbolies van die immorele verlustiging van ‘n samelewing wat almal sal besoedel en sal verlei indien dit nie uitgeroei word nie. Daarom het YHVH vir Israel beveel om die Midianiete as hul vyand te beskou en hulle te verslaan, *want hulle het julle as vyand behandel deur hulle liste wat hulle teen julle bedink het...* (Num. 25:17 en 18; Num. 31:2 en 7). Ons moet ons sintuie bewaak teen alles wat teenstrydig met Torah is. Dit is ons vyand wat oorwin

en uitgeroei moet word. Dit is hoe ons met die sonde moet afreken wat gedurig poog om ons uit YHWH se teenwoordigheid te neem. Ons mag dit nie duld nie en moet hardhandig daarmee deel.

Die betekenis van *liste* is om op subtiële wyse iemand te verlei (mislei, bekoor, te ondergrawe) of om vir iemand 'n strik te stel. Seksuele sondes (pornografie, owerspel, kindermolestering, homoseksuele gedrag, ens.) is een van die grootste liste wat verantwoordelik is vir die hedendaagse morele en sedelike verval. Dit was die vyand van Israel van ouds en is steeds vandag ons grootste vyand!!

Alles wat 'n versoeking tot sonde is moet as 'n teistering (*vexation*) beskou word wat uitgeroei moet word. As dit 'n oog of hand is wat aanleiding tot sonde gee moet dit uitgeruk of afgekap word (Matt. 5:29 en 30). Dit beteken dat elke mens beheer oor sy sintuie moet neem, want dit beïnvloed die sielsrelam wat ons uiteindelijke gedrag en optrede bepaal. Alles wat ons deur die begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid verlok, is ons vyand (2 Pet. 2:14, 15 en 18).

Die sonde lê en loer voor ons deur, en sy begeerte is na ons, maar ons moet daarvoor heers (Gen. 4:7; Rom. 6:11 tot 13)

Bewaak jou siel!! Die siel is die somtotaal van die kennis, wil en emosies wat deur die sintuie gevoed word en wat bepaal wat jy glo en hoe jy sal optree (reageer). Ons siel moet volgens die patroon van die tabernakel ingerig wees en funksioneer. Ons gees en siel is die heiligdom van YHVH – dit is waar Hy deur Sy Gees in ons woon. Die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis het dit moontlik gemaak dat YHVH in ons kan woon. Dit is egter ons verantwoordelikheid om ons tempel *kodesh* (geheilig) en *tahor* (gereinig) te hou.

Die einddoel van ons geloof is die redding van ons siel (1 Pet. 2:9). Redding (verlossing; heiligmaking; reiniging) van die siel is ons taak deur die krag en hulp van die Afgesonderde Gees wat ons leer en lei om volgens Torah, en dus afgesonder (heilig; *set-apart*) en gereinig te leef. Dit is die vernuwning van die gemoed (Rom. 12:2).

Ons word met ons swakhede (kwesbaarhede) gekonfronteer as versoeking (toets) (Jak. 1:12 tot 15; 1 Kor. 10:13). Oorwinning oor sonde is egter in Yeshua Messias moontlik – lees Romeine 6.

Let daarop dat YHVH vir Israel (Sy volk) met 'n plaag gestraf het – soos 'n vader wat sy kinders met die roede tugt (Ps. 89:33; Spr. 13:24; Spr. 23:13). Maar ons lees nie dat enige van die Midianiete deur hierdie plaag getref is nie. Nee, hulle moes volgens YHVH se opdrag by wyse van die swaard van 'n vyand sterf (Num. 25:17; Num. 31:2).

Hierdie geskiedenis leer ons ook van die ernstige gevolge van sinkretisme (vermenging van Torah met afgodery). Ons moet onthou wat het gebeur toe Israel hom aan Baäl-Peor gekoppel het (Num. 25:2 en 3)? Simri, Kosbi en Pinehas is 'n ewige herinnering oor hoe YHVH oor sinkretisme voel!

Bepeins of Bespreek

1. Neem jy openlik standpunt in teen die 'Midianiete' van ons samelewing of is jy bang jy gaan aanstoot gee of die boot skud of die appelkar omkeer? Kan sout en lig passief wees of sal hul aanwesigheid altyd duidelik waarneembaar wees?

2. Kan ons bekostig om niks te doen nie? Kan ons in vrede met die ‘Midianiete’ leef?
Onthou: *All it takes for evil to triumph is for good men to do nothing!!*
3. Ons leef in ‘n tyd waar die ‘Midianiete’ wat deesdae ons samelewing op blatante wyse verlei, al hoe meer beskerming van regeringsowerhede ontvang. Is dit te laat om iets daaraan te doen? Wat kan ons doen?
4. *We live in a generation that is convenience driven and not commitment driven.* Torah-gehoorsaamheid is die bereidwilligheid om gerief prys te gee en is ‘n verbintenis tot getrouheid aan Vader-God!

Num. 27:1 tot 11 – Die dogters van Selófhad

“Ons vader het in die wildernis gesterf, maar hy was nie in die groep van die wat teen יהוה bymekaargekom het saam met Korag nie, maar hy het in sy eie sonde gesterf en geen seuns gehad nie. Waarom moet die naam van ons vader uit sy familie verwyder word, omdat hy geen seun gehad het nie? Gee vir ons ‘n besitting tussen die broers van ons vader.” Num. 27:3 en 4

Daar bestaan ‘n ooreenkoms tussen die optrede van Pinehas en die van die dogters van Selófhad in die sin daarvan dat dit in beide gevalle ‘n beslissing van YHVH vereis het. Let eerstens daarop dat daar by beide partye geen sprake van rebellie betrokke was nie. Beide Pinehas en die dogters van Selófhad het dus nie teen YHVH se gesag gerebelleer nie. In beide gevalle was die vertrekpunt van die aksie ook ‘n geldige een in YHVH se oë. Dit was dus reeds in YHVH se hart gewees, maar in beide gevalle was dit tot op daardie stadium nog nie geopenbaar aan Moses nie. YHVH het dus mense gebruik om dit wat in Sy Vaderhart is, bekend te maak.

Beide Pinehas en die dogters van Selófhad is bevestiging dat YHVH enige persoon kan gebruik om aspekte van Sy ewige wil toe te lig en uit te voer. Pinehas het nie na Moses en die leierskap gegaan nie, want die situasie het drastiese optrede vereis waaraan die leierskap tot op daardie stadium niks aan gedoen het nie. Die vyf dogters van Selófhad het egter wel na Moses gegaan, want tyd het dit toegelaat. Moses het hulle regsak voor die aangesig van YHVH gebring wat geantwoord het: *Die dogters van Selófhad praat reg. Jy moet ‘n besitting as erfenis aan hulle toewys tussen die broers van hulle vader en die erfdeel van hulle vader op hulle laat oorgaan* (Num. 27:5 tot 7). Daar ontstaan situasies waar optrede sonder goedkeuring van die leierskap geregverdig is, maar daar is ook situasies waar YHVH se aangestelde leiers in ‘n saak geken moet word.

Die dogters van Selófhad is ook bewys dat Vader-God vroue nie as minderwaardig beskou nie. Torah bied beskerming aan vroue. ‘n Man wat Torah-gehoorsaam is, sal verstaan dat in ‘n huwelik is hy die middelaar tussen YHVH en sy vrou. ‘n Getroude man neem die rol van beskermers en voorsiener by haar biologiese vader oor.

Vandag is daar talle vroue wat sonder die toestemming van hulle aardse vader of eggenoot Torah gehoorsaam lewe. Soos in die geval van Pinehas sal YHVH ‘n vredeverbond met hulle sluit en sal hulle soos die dogters van Selófhad hulle erfdeel ontvang wat deur Torah-gehoorsaamheid belowe word. Dikwels kom dit teen ‘n prys en is baie vroue vasgevang in ‘n stryd tussen onderdanigheid aan hul eggenoot en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah.

Bepeins of Bespreek

1. Waarom is vroue oor die algemeen meer geestelik sensitief (geestelik ingestel) as mans? En tog is dit Vader-God se orde dat die man die hoëpriester (geestelike leier) van sy huis moet wees! Is deel van die rede nie te vinde in die feit dat die meerderheid mans 'n wanbegrip het van die betekenis om hoof van die huis te wees nie? Verstaan mans die ware betekenis van Efes. 5:22 tot 33?

Num. 27:12 tot 23 – Josua as Moses se Opvolger

“Laat יהוה, die God van die geeste van alle vlees, 'n man oor die vergadering aanstel wat voor hulle uitgaan en voor hulle ingaan, wat hulle uitlei en wat hulle inlei sodat die vergadering van יהוה nie mag wees soos skape wat geen herder het nie.” Lev. 27:16 en 17 – PWL.

Moses het vir YHVH gevra om 'n opvolger vir hom aan te wys. Geestelike leiers moet deur YHVH self gekies word en dan moet hulle in Torah opgelei word. Opleiding as sulks lewer nie noodwendig geestelike leiers op nie. Daarom is dit nodig om te kyk hoe Yeshua leiers gekies en opgelei het, naamlik:

- ❖ Daar was geen handboeke nie en geen formele klasse (kursusse) nie. Tog het die elf wat Yeshua gekies en opgelei het die wêreld verander.
- ❖ Niemand kon aansoek doen nie — geen CV's en onderhoude nie. Enigeen kon Yeshua volg, maar sy binnekring het Hy persoonlik gekies.
- ❖ Deur voortdurende noue kontak het Yeshua hulle geleer sonder om van enige spesiale hulpmiddels gebruik te maak. Die omgewing en alledaagse gebeure was Yeshua se hulpmiddels. Dit het drie jaar geneem om Sy dissipels op te lei. Geen massaproduksie nie. Onthou hierdie opleiding was voltyds — 365 dae elke jaar.
- ❖ Yeshua het Sy leiergroep aan voortdurende uitdagings, wat buite hulle gemaksones was, blootgestel – Hoe gaan julle hierdie skare voed? Loop op die water? Gaan doen wondertekens?
- ❖ Yeshua se onderrig was in die openbaar, maar sy verdere verduidelikings was privaat. Dikwels na Hy in die openbaar gepreek of 'n gelykenis vertel het, het Hy sy dissipels verder privaat oor die spesifieke onderwerp onderrig – 'n vraag en antwoord sessie.
- ❖ Yeshua het nie aan sy studente 'n templaar (bloudruk) gegee om te volg nie, maar Hy gee aan hulle 'n sending om te voltooi. Sy finale leierskapsopdrag was: Gaan en maak dissipels en leer hulle Torah. Hy los die hoe, waar en wanneer aan hulle oor.

Ons het reeds in Parashah 37 geleer dat Moses die naam van Hosea (הוֹשֵׁעַ *ho-shay'-ah* wat *verlosser* beteken) verander het na Josua (יְהוֹשֻׁעַ *yeh-ho-shoo'-ah* wat *Yah verlos* beteken) (Num. 13:16). Die *yod* wat bygevoeg word is simbolies van 'n hand en verwys dus na die hand van YHVH en dus na Yeshua. Hierdie is 'n heenwysing na Yeshua Messias vir wie ons volg om ons 'geestelike' beloofde land in besit te neem en verwysend na die ewige rus in Yeshua (Heb. 4:8 tot 11).

Volgens Rabbynse siening het Moses vir YHVH gevra om iemand aan te wys wat sensitief is vir die individualiteit van elkeen van Israel. Net soos ons uiterlike voorkoms verskil so verskil die “inhoud” van ons siele ook. Heb. 4:15 herinner ons dat Yeshua medelye het met al ons swakhede (gees, siel en liggaam).

Josua kon as opvolger aangewys word, want hy het die voorbeeld gestel, naamlik om eers self aan Torah gehoorsaam te wees en YHVH in alles te vertrou (Num. 13:16 en 17). Hierdie is die belangrikste kenmerk en vereiste om as ‘n geestelike leier te kwalifiseer. Josua het ook bewys gelever van sy militêre vermoë toe die Amalekiete verslaan was (Ex. 17:8 tot 16).

Josua was ‘n man in wie die Gees van God was (Num. 25:18). Hierdie is nog ‘n bevestiging dat die Afgesonderde Gees individue van die ou verbond gevul het.

Bepeins of Bespreek:

1. Hoe weet ons of Vader-God ‘n leier aangestel het en of dit mense is wat hom aangestel het of dat hy homself tot leier verhef het?
2. Kan iemand geleer word om ‘n (geestelike) leier te wees? In ‘n onlangse skrywe in die leiersnuusbrieff van e-Kerk (NG kerk, Moraletta Park) word erken dat die kerk misluk het in hulle poging om leiers op te lei met die verwagting dat hulle die stukrag van ‘n herlewing sou wees.
3. Die kenmerke van ‘n outokratiese leier is ondermeer die volgende: Hy is in beheer; hy praat en die mense luister; alle gesag is gesetel in hom; hy beheer die inligting; hy is die ‘baas’. So ‘n geestelike leier bou aan sy eie koninkryk. ‘n Leier volgens Yeshua se voorbeeld is een wat mense aan mekaar verbind; die mense praat en hy luister; almal neem deel en hy is die klaringshuis vir inligting. ‘n Leier moet egter ook bereid wees om te erken dat hy nie alles weet nie!! Hoeveel geestelike leiers doen dit?!

Num. 28:1 tot 29:40 – YHVH se Afspraakkalender

In parashah 31 (*Emor*) is die Vasgestelde Tye (Feesty) van YHVH meer volledig bespreek. In hierdie Skrifgedeelte word ons egter opnuut daaraan herinner dat Vader-God ‘n kalender van gereelde afsprake met Sy kinders het. Dit is ‘n staande uitnodiging wat ons met dankbaarheid en verwagting kan aanvaar of met onverskilligheid verwerp!

YHVH se kalender werk hoofsaaklik volgens die maankalender en daarom is Vader-God se afsprake met sy volk volgens die siklus van die maan. Dit word ondermeer bevestig in Num. 28:11 – *En by die begin van julle maande moet julle ‘n brandoffer aan YHVH bring...* Daarom begin ‘n nuwe maand (*Rosh Kodesh*) met die verskyning van die nuwe maan, naamlik met die waarneming van die sekelmaan vanuit Jerusalem.²

YHVH gebruik die maankalender om Sy afsprake met die mens vas te stel. In totaal is daar 10 verskillende tipes afsprake wat YHVH met ons het. Weekliks is dit Shabbat; maandeliks is dit *Rosh Kodesh* en jaarliks YHVH se *mo’edim* (Vasgestelde Tye, feestye) van Pesag, Fees van Ongesuurde Brood, Fees van Eersteling, Shavuot (Pinkster), Fees van die Basuin, Dag

² Hieroor bestaan daar meningsverskil. Sommige volg die kalender van Rabbynse Judaïsme wat die begin van ‘n nuwe maand wiskundig vooruit bepaal. Ander, soos ondermeer die Karaiete, bepaal die begin van die nuwe maand deur die fisiese waarneming van die verskyning van die eerste sekelmaan (first slither) vanaf Jerusalem.

van Versoening, Sukkot (Tabernakels) en die Agste Dag. Kom ons al hierdie afsprake, insluitend *Rosh Kodesh*, getrou na??

Let's not forget an important truth: Keeping Torah is not about bondage (to a legalistic set of do's and don'ts); it's a vehicle to promote bonding (building loving relationship between man and his Creator, between man and his fellow man) (Ya'acov Natan Lawrence, Hoshana Rabbah Messianic Discipleship Resources).

Die weeklikse en maandelikse afsprake, sowel as die Bestemde Tye van YHVH, is vreugdegeleentehede, maar ook 'n herinnering aan YHVH se verlossingsplan in Yeshua. Dit is ook 'n herinnering dat YHVH die Skepper-God van alles en almal is! Die verskillende offerandes wat gepaard gegaan het met die verskillende afsprake en feestye is ook 'n herinnering aan die sonde wat steeds na ons begeer en ons weg wil lok van 'n lewe as 'n afgesonderde priesterdom.

Deur YHVH se afsprake met ons na te kom, veral YHWH se Bestemde Tye, sal ons uit die verleiding van die wêreld se feeste hou. Net soos wat die Tabernakel die tent van samekoms was, so is YHVH se afsprake geleentehede van samekoms in YHVH se Teenwoordigheid.

Maar: Ons moet nie ons daaglikse afspraak met YHVH, soos uitgebeeld word deur die oggend en die aandoffer, vergeet nie (Num. 28:1 tot 8)!

Bepeins of Bespreek

1. Is Kersfees en *Easter* nie ook sinkretisme (vermenging van die waarheid en die leuen) wat 'n Pinehas-optrede regverdig nie? Onthou die goue kalf gebeure toe Aäron en Israel geglo het hulle hou 'n fees tot eer van YHVH (Ex. 32:4 en 5)!! Is die minagting van YHVH se weeklikse (shabbat) en maandelikse (*Rosh Kodesh*) afsprake, asook die minagting van die Bestemde Tye nie soortgelyk as die sonde van afgodery nie? Is die minagting van YHVH afsprake gelykstaande aan rebellie? Wie sal waag om 'n afspraak met die hoofde in 'n werksomgewing te minag?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 18:46 tot 19:21 – Yeshua ons Toevlug.

Toe was die hand van יהוה oor Eliyahu en hy het sy heupe vasgebind en Ag'av verby gehardloop na Yizre'el. 1 Kon. 18:46 – PWL.

Beide Pinehas en Elia het vreesloos opgetree teen die afgodery (misleiding, valse leerstellings, sinkretisme) wat die volk (Israel) binnegedring het en wat uiteindelik tot hulle uitwissing sou lei. Beide was bereid om alles te waag sodat YHVH se reg en geregtigheid kon geskied.

Hierdie week se Haftorah leer ons dat manne en vroue wat met die ywer van 'n Pinehas en 'n Elia vir YHVH ywer, steeds net mense is. Nadat Elia die profete van Baäl gekonfronteer het, en YHVH op kragtige wyse bewys gelewer het dat Hy alleen die enigste ware lewende God is (1 Konings 18), vlug Elia vir die dreigemente van Isebel. Wat was egter die rede vir hierdie optrede van Elia?

- ❖ Die antwoord vind ons in Num. 19:8 – *Hy (Elia) het toe opgestaan en geëet en gedrink en deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank geloop tot*

by die berg van God, Horeb. Die berg van God, Horeb, is die berg Sinai. As te ware het Elia vir 40 dae gevas.

- ❖ Elia het na die wildernis (woestyn), en uiteindelik na Sinai, gegaan om geestelike versterk (hernu) te word. Hy het ‘gevlug’ omrede hy geestelik uitgeput was. Hy was moeg en gefrustreerd met die hardnekkige volk wat voortdurend afgewyk het van YHVH se onderrig en instruksies (die Torah). Sy bediening as profeet het hom afgemat gelaat.
- ❖ Die Hebreeus vir wildernis is *midbar* en is afgelei van die woord *debar* en beteken *gesels, praat, verklaar, beveel, belowe en waarsku*. Die wildernis (woestyn) is die plek waar ons Vader-God se stem die duidelikste hoor!
- ❖ Yeshua as mens het ook dikwels soos Elia ‘gevlug’ om Sy geestelike kragte te herwin (Matt. 14:23; Mark. 6:46; Luk. 4:1, 14; 6:12).

1 Kon. 19:9 verwys in Hebreeus na **die** *spelonk* en nie na ‘n *spelonk* nie. Volgens sommige bronne is dit die grot (die skeur) op die berg Sinai waar Moses YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid ervaar het (Ex. 33:12 tot 34:9). Het Elia verlang om ‘n soortgelyke ervaring as Moses te ondervind? Soos vir Moses het YHVH ook vir Elia gesê: *Kyk, hier is ‘n plek by my waar jy op die rots kan gaan staan* (Ex. 33:21). Yeshua is die Rots – ons toevlug, en op hierdie rots sal YHVH Sy gemeente bou (Matt. 16:8).

In 1 Kon. 19:9 en 13 vra YHVH vir Elia: *Wat maak jy hier?* Elia was nie op die plek waar YHVH dit beplan het nie, maar tog word hy versterk en daarop gewys dat daar ander is wat by hom sal staan (1 Kon. 19:18 tot 21). YHVH bevestig Elia se bediening as profeet deur vir hom nuwe opdragte te gee (1 Kon. 19:15). Onthou: Heb. 4:15 – Yeshua het medelye met al ons swakhede van gees, siel en liggaam.

Vanweë ons vurige ywer vir YHVH is ons geneig om onmiddellike resultate te wil sien. Wanneer ons dit nie sien nie, raak ons maklik moedeloos. Ons moet egter leer dat die resultaat van ons ywer vir YHVH meestal eers na ‘n lang tydsverloop sigbaar word. Ons taak is om te saai en YHVH te vertrou om ‘n goeie oes voort te bring – dit neem tyd alvorens die oes gereed is.

Bepeins of Bespreek

1. Ons is geneig om ‘n mate van vrees vir geestelike leiers te hê, want ons sal baie makliker die lidmate met die waarheid konfronteer as vir die leier (dominee, pastoor). Kan ons dan daarop roem dat ons dieselfde ywer as ‘n Pinehas en Elia het?
2. Het jy ook al soos ‘n Elia ‘gevlug’ en na die Vader gegaan om geestelik en liggaamlik weer versterk (vernuwe) te word? Laat jou bediening jou ook soms moedeloos en uitgeput? Hoe belangrik is hierdie gereelde afsondering? Is dit nie juis waarvoor die Shabbat ondermeer bedoel is nie? Lees Gal. 6:9 en 2 Thess. 3:13 en Psalm 126 as bemoediging.
3. Is dit nodig om soms terug te keer na daardie plek waar jy ‘n ware ontmoeting met Vader-God gehad het? Onthou: Elia het teruggekeer na die plek waar YHVH se Torah aan Israel

gegee was en waar YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid verskyn het. Is hierdie nie 'n heenwysing na die uitstorting van die Afgesonderde Gees nie?

4. Het Vader-God nie ook al vir ons, soos vir Elia, gevra: *Wat maak jy hier?* Dit is nodig dat ons ook na die wildernis vlug en YHVH vra om ons bediening (roeping) vir ons opnuut te bevestig!! Dit is soms nodig vir 'n 'reality check'!!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.